Verwysing: 20180112-8180
12/11/5
Navrae: K Dudley

Kurrikulum- en Assesseringsbestuursminuut: 0001/2018

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Grondslagfase-vakadviseurs en Prinsipale van alle skole wat graad 1 tot 3 aanbied

**Onderwerp: DBO Omsendbrief S1 (2017) oor die *Guidelines to Strengthen CAPS Implementation*: Tussentydse gedeeltelike implementering van Omsendbrief S1 in die Grondslagfase in 2018**

1. In Kurrikulum- en Assesseringsbestuursminuut 0001/2017, gedateer 25 Mei 2017, is daar aangedui dat Omsendbrief S1 van 2017 wat deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) uitgereik is, nie deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) geïmplementeer sal word nie, aangesien die implikasies vir vordering en bevordering nie voldoende uiteengesit is nie en verdere klarigheid verlang word.

2. Hierdie minuut dien om distrikte en skole in kennis te stel dat hoewel die DBO steeds besig is om die implementering van Omsendbrief S1 van 2017 met belanghebbendes te bespreek, die WKOD besluit het om solank voort te gaan en in 2018 hierdie riglyne **slegs** gedeeltelik in die **Grondslagfase**, in graad 1 tot 3, te implementeer.

3. Hierdie besluit is gebaseer op die assesseringsoorlading in die Grondslagfase in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) wat die beskikbare tyd vir gehalte-onderrig, leer en informele assessering (formatiewe / assessering-vir-leer) verminder het.

4. Bylae A bied leiding ten opsigte van die implementering van hierdie veranderinge in 2018. Alle skole wat graad 1 tot 3 aanbied, moet die voorgeskrewe riglyne in Bylae A, implementeer. Grondslagfase vakadviseurs is van die veranderinge in kennis gestel en sal op versoek ondersteuning aan skole bied.

5. Skole moet kennis neem dat die WKOD 2018 optekeningslyste vir Grondslagfase ook slegs die vereiste een formele assesseringstaak per kwartaal, per vak en per graad soos aangedui in Bylae A, sal reflekteer.

6. Die WKOD het besluit om geen verdere voorgestelde veranderinge in DBO Omsendbrief S1 van 2017 in die ander grade te implementeer, alvorens verdere duidelikheid van die DBO ontvang is nie.

7. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers te bring.

**GETEKEN :** PAD BEETS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2018-01-12

**BYLAE A**

**Riglyne vir die grondslagfase se tussentydse gedeeltelike implementering van DBO Omsendbrief S1 (2017) oor die Guidelines to Strengthen CAPS Implementation**

Die Grondslagfase (GF)-assesseringsprogram vir 2018 sal uit beide informele assessering en formele assessering volgens vak, graad en kwartaal bestaan.

- 'n Formele assessering is 'n summatiewe evaluering, wat dus assessering-van-leer is.
- 'n Informele assessering is formatiewe evaluering, wat dus assessering-vir-leer is.

Die kombinasie van formele assesserings en informele assesserings sal die onderwyser help om leerders se vordering regdeur die kwartaal te monitor.

**Formele assesserings in 2018**

Een formele assesseringstaak (FAT) volgens vak en graad, moet gedurende die laaste twee weke van elke kwartaal afgeneem word.

| Graad 1 tot 3 | Kwartaal 1 | Kwartaal 2 | Kwartaal 3 | Kwartaal 4 |
|---|---|---|---|---|
| Huistaal | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Eerste Addisionele Taal | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Wiskunde | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Lewensvaardighede | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Totaal | 4 | 4 | 4 | 4 |

Elke FAT moet van 'n hoë gehalte wees en moet dus uit die volgende bestaan:

- Alle vakvaardighede (dienooreenkomstig die KABV)
- Tersaaklike inhoud volgens vaardigheid, graad en kwartaal; dus tersaaklike kurrikulumdekking vir die hele kwartaal (dienooreenkomstig die KABV)
- Verskeie aktiwiteite (ten opsigte van kompleksiteit en kognitiewe vlakke) wat alle vermoëvlakke insluit, dus:
    - Maklik
    - Middelmatig
    - Moeilik

FAT'e vir elke graad moet deur die graadonderwysers ontwikkel word. Die GF-departementshoofde moet dit modereer waarna dit ekstern deur die GF-vakadviseurs gemodereer sal word.

Dieselfde FAT moet deur alle onderwysers in dieselfde graad gebruik word om standaardisering te verseker.

**Ondersteuning aan onderwysers is soos volg:**

Assesseringsraamwerke vir die implementering van een FAT per kwartaal (dienooreenkomstig die KABV) kan op die e-Portaal verkry word (http://wcedeportal.co.za).

Assesseringsitems vir die ontwikkeling van aktiwiteite in die FAT'e, kan by die volgende bronne verkry word:

- e-Portaal (http://wcedeportal.co.za)
- Departement van Basiese Onderwys-werkboeke (ook op die e-Portaal beskikbaar)
- Handboeke
- Professionele Leergemeenskappe

Verdere ondersteuning kan deur GF-vakadviseurs verskaf word.

**Informele assesserings**

Dié belangrike proses moet op 'n deurlopende basis gedurende die kwartaal uitgevoer word. Onderwysers kan informele assesserings in waarnemingsboeke, klaslyste, ens. aanteken. Onderwysers moet informele assesserings gebruik om onderrig en ingrypings te beplan.

**Aantekening en verslagdoening**

Die aantekening en verslagdoening van FAT-punte kan gedoen word deur gebruik te maak van die 2018 WKOD-optekeningslyste wat op SOBIS gelaai sal wees teen die einde van die eerste kwartaal.

**Vordering**

Die vordering van leerders sal steeds op die nasionale kodes gebaseer word, soos uiteengesit in die *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R–12* wat in *Staatskoerant* Nr. 40472 van 02 Desember 2016 uitgereik is, en die *National Protocol for Assessment Grades R–12*, wat in *Staatskoerant* Nr. 36042 van 28 Desember 2012, uitgereik is.